
Leesbegrip: Naam: ……………..

Lees die volgende liedjie en beantwoord die vrae VOLLEDIG!

Vakansietyd (Elizabeth Fourie)

1. Vakansie is net om die draai
dis weer tyd om motor te laai
"Ag, Pa, maak tog gou!
Ons wag nog net vir jou
En dan kan ons lekker laat waai."

2. Die fles met koffie is in
die feestyd gaan netnou begin
gepak is my tas
my gordel is vas
die tyd na die see toe raak min.





"Ek sien die see……"
"Ag, Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?"

3. Sambrele, sambrele, - 'n bloue, 'n
staan oral gepak op die strand,
die grafies en emmers, die mooiste kas
gebou van die spierwitte sand.

4. Die kinders wat skater
en plas in die water
Pa lê so lui op sy rug
Desembervakansie
Die son dans 'n dansie
En lag in die helderblou lug.

5. Vakansie is lankal verby
en ons het terug huis toe gery.
'n Volgende keer
dan gaan ons maar weer
om al die sambrele te kry.



VRAGIES: Beantwoord asb. Volledig! (waar jy moet) Totaal: 10

1. Watter vakansiemaand word hier beskryf? (1)

…………………………………………………………………………………………………………………………………………

2.Wat beteken dit as iets "om die draai" is?(1)

…………………………………………………………………………………………………………………………………………

3. In strofe twee kan "feestyd" na twee dinge verwys, watter twee dink jy? (2)

…………………………………………………………………………………………………………………………………………

4. Van watter "gordel" word hier gepraat in strofe twee? (1)

…………………………………………………………………………………………………………………………………………

5. Waar is die gesin in strofe vier en strofe vyf? Gee twee BEWYSE vir jou antwoord

…………………………………………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………………………………………(2)

6. Ons lees hier van 'n plek waar 'n koning ook kan woon, watter plek is dit? (1)

…………………………………………………………………………………………………………………………………………

7. Gee 'n ANTONIEM (teenoorgestelde) vir: VOLGENDE :
………………………………………………… (1)

8. Verdeel in let+ter+gre+pe: sambrele: ………………………… vakansie: ………………………
(1)